MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

==========

THURSDAY, 19 JULY 2018

1. The House met at 14:15.

2. The Deputy Speaker took the Chair and read the prayer.

3. [14:17] The Chief Whip moved: That, notwithstanding Rule 198, precedence be given to the Speaker's debate.

   Agreed to.

4. [14:18] Speaker's Debate.

   "Be the legacy": Celebrating the centenary commemoration of Nelson Mandela (1918–2013).

   Debate concluded.

5. [15:29] Interpellations.

6. [15:52] Questions.

7. [17:11] Questions to the Premier without notice.

8. [17:38] Ms S W Davids, having disregarded the authority of the Chair, was ordered to withdraw from the Chamber for the remainder of the day's sitting.

9. [17:48] Statements by Members.

10. [18:05] Notices of Motion.

11. [18:09] Mr D G Mitchell moved without notice: That the House conveys its condolences to the family, friends, schoolfriends and the wider community of Nelspoort on the demise of 14-year-old Lekisha Aliza Wilschut; notes that the lifeless body of Lekisha was found in an abandoned building, where she had been brutally raped and murdered; condemns the offence in the strongest possible terms; and actively encourages the South African Police Service to arrest the offender as quickly as possible.

    Agreed to.

12. Ms C F Beerwinkel moved without notice: That the House notes that both Cape Town Mayor Patricia de Lille and Speaker Dirk Smit are to face motions of no-confidence on 26 July; notes further that the motion against Smit was submitted by the ANC due to his failure to handle council matters properly in an impartial manner; and wishes the ANC well ahead of this debate.

    Agreed to.

13. Mr R D Mackenzie moved without notice: That the House commends and congratulates the Durbanville Junior School Choir led by choirmistress Annemarie Dippenaar, that won the gold medal in category one, the Young Children's division, at the World Choir Games held in Tshwane from 4 to14 July 2018.

    Agreed to.

14. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House congratulates Member Wenger on the birth of her son; notes further that both mother and child are doing well; and looks forward to having Member Wenger back in its ranks after the appropriate maternity leave.

    Agreed to.

15. Mr R D Mackenzie moved without notice: That the House congratulates 11-year-old Jayden Molander from Lentegeur, Michells Plain, who recently achieved South African colours in karate; and thanks his parents Ivan and Maxine Molander for giving Jayden the opportunity to excel.

    Agreed to.

16. Ms B A Schäfer moved without notice: That the House commends and congratulates Cape Town International Airport on winning the Best Airport in Africa award in the 4 to 20 million passengers category at the Routes Africa 2018 Conference in Accra, Ghana.

    Agreed to.

17. Mr T A Simmers moved without notice: That the House notes the sad passing of Councillor Malgas from Langeberg. May his soul rest in peace.

    Agreed to.

18. Mr B D Kivedo moved without notice: That the House congratulates six Cape Town learners on their success in the 59th International Mathematical Olympiad; notes that the learners in the South African team that participated in the Olympiad in Romania from 3 to 14 July 2018 were: Adri Wessels (Curro Durbanville); Emil van der Walt (Jan van Riebeeck High School); Emile Tredoux (Parklands College); Ralph McDougall (Curro Durbanville); Taariq Mowzer (Fairbairn College); Timothy Schlesinger (Rondebosch Boys' High School); notes further that all six members of the team attend schools in the Western Cape; and conveys special congratulations to Emile Tredoux of Parklands College on winning a bronze medal and to Ralph, Taariq, Tim and Adri, who all won honourable mentions, with Ralph and Taariq missing bronze by one point.

    Agreed to.

19. Ms L T Botha moved without notice: That the House extends its condolences to the family of 16-year-old Berodine Boyce, whose lifeless body was found in a shallow grave behind the sports ground in Laingville, a small fishing village on the West Coast on 12 July 2018; condemns the continued and brutal killing of our young people; and calls on the South African Police Service to make an arrest swiftly so that justice can be served.

    Agreed to.

20. Mr R D Mackenzie moved without notice: That the House congratulates and commends SA wheelchair tennis sensation Kgothatso Montjane, who made it to the semifinals in the Wimbledon tennis tournament.

    Agreed to.

21. Mr R D Mackenzie moved without notice: That the House congratulates SA tennis star Kevin Anderson for being the first South African to make it to the finals of the Wimbledon tennis tournament in 97 years; furthermore notes his sterling performance, in which he beat the legendary Roger Federer en route to the final.

    Agreed to.

22. Mr R D Mackenzie moved without notice: That the House congratulates SA tennis star Raven Klaasen, who made it to the doubles final at the Wimbledon tennis tournament.

    Agreed to.

23. Ms C F Beerwinkel moved without notice: That the House notes with concern a more than 500% increase in the price of graves in the DA-run Mossel Bay, which increased from under R900 to more than R5 000 per grave; further notes that the municipality is punishing and milking the poor to build a new cemetery; condemns this increase; and calls on the municipality to scrap it.

    Agreed to.

24. Ms B A Schäfer moved without notice: That the House congratulates Wesgro's Cape Town Air Access for winning Best Destination Marketing Award as well as the Overall Routes Africa award in the Routes Africa 2018 Conference at Accra, Ghana.

    Agreed to.

25. Mr R D Mackenzie moved without notice: That the House congratulates the French national football team on winning the Fifa Soccer World Cup in Russia; further notes that France won the World Cup for the second time, ending Croatia's dream of a first title, with a 4–2 victory on Sunday in one of the most entertaining and action-packed finals for decades.

    Agreed to.

26. Mr N E Hinana moved without notice: That the House commends the Maitland Crime Prevention Unit for the arrest of two suspects in possession of stolen Prasa property; notes that the value of the property is estimated at R30 000; and further commends the provincial Department of Transport and Public Works for signing a memorandum of agreement with Prasa, allocating R16 million to the safety of commuters and notes leading to numerous arrests.

    Agreed to.

27. Mr C M Dugmore moved without notice: That the House notes the outright condemnation of the City's plans to increase street parking fees in the Cape Town CBD to as much as R400 a day, with organisations like Outa stating that the planned hikes are unaffordable given all the other increases that have shaken consumers' wallets and the Cape Chamber of Commerce saying the people have a right to expect better solutions to problems and not just knee-jerk tariff increases, given that this DA-led City's executive directors earn millions of rands a year; and rejects these planned increases and calls on the City to scrap them.

    Agreed to.

28. Mr N E Hinana moved without notice: That the House commends the provincial Department of Human Settlements, led by Minister Bonginkosi Madikizela, for handing over four homes in Forest Village on Wednesday 18 July 2018; and further notes that this project will yield over 8 000 units.

    Agreed to.

29. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes that 9 July marked the 31st anniversary of Ashley Kriel's murder by the apartheid security police for his convictions and commitment to fight for a non-racial, non-sexist, just and equal society; calls for a broader investigation into the killing of Ashley Kriel, which had been reopened in 2016; and further calls for the house in which he was killed to be declared a heritage site in his honour.

    Agreed to.

30. Mr M Mnqasela moved without notice: That the House calls for the immediate return of serenity and tranquillity in communities plagued by violent protests, including Zwelihle; and further commends the SAPS for the arrest of Gcobani Ndzongana and his co-conspirators.

    Agreed to.

31. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House welcomes the arrest of suspect John Williams for the murder of women in Wellington; commends the police, who responded swiftly after the disappearance of his last victim, Chantelle Matthyssen (21) from Sarepta, Kuils River, who was later found dead on Arben Rude Farm; further notes that other victims may include Maria Isaacs (24) from Malmesbury, as well as Natalie Jonkers (38) who disappeared six years ago; and conveys condolences to the families and friends of the deceased.

    Agreed to.

32. Ms P Z Lekker moved without notice: That the House notes and welcomes the sentence the Western Cape High Court handed down to Thembile Vokozela (52), a prominent Guguletu tavern owner, for murdering his wife by shooting her in her body 11 times and in the back of her head 5 times; further notes that he received a life sentence; and commends Judge Deidre Kusevitsky for this appropriate sentence.

    Agreed to.

33. The House adjourned at 18:40.

Dr G A LAWRENCE
Secretary to Provincial Parliament

NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

==========

DONDERDAG, 19 JULIE 2018

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.

2. Die Adjunk-Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.

3. [14:17] Die Hoofsweep stel voor: Dat, ondanks die bepalings van Reël 198, die Speakersdebat voorrang het.

   Goedgekeur.

4. [14:18] Speakersdebat

   "Wees die nalatenskap": Viering van die eeufeesherdenking van Nelson Mandela (1918–2013).

   Debat afgesluit.

5. [15:29] Interpellasies.

6. [15:52] Vrae.

7. [17:11] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.

8. [17:38] Nadat me S W Davids die gesag van die Stoel verontagsaam het, word sy gelas om die Raadsaal vir die res van die dag se sitting te verlaat.

9. [17:48] Verklarings deur Lede.

10. [18:05] Voorstelle met kennisgewing.

11. [18:09] Mnr D G Mitchell stel voor: Dat die Huis sy medelye betuig met die familie, vriende, skoolmaats en die breë gemeenskap van Nelspoort met die heengaan van die 14-jarige Lekisha Aliza Wilschut wie se lewelose liggaam op 14 Junie in 'n verlate gebou gevind is nadat sy wreedaardig verkrag en vermoor is; die oortreding ten sterkste veroordeel; en die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanhits om daadwerklik op te tree en die oortreder so spoedig as moontlik in hegtenis te neem.

    Goedgekeur.

12. Me C F Beerwinkel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis daarvan kennis neem dat 'n mosie van wantroue op 26 Julie teen Patricia de Lille, burgemeester van Kaapstad, en Dirk Smit, speaker, ingedien sal word; verder daarvan kennis neem dat die mosie teen Smit deur die ANC ingedien is omdat hy nagelaat het om raadsaangeleenthede op 'n onpartydige manier te hanteer; en die ANC vir hierdie debat voorspoed toewens.

    Goedgekeur.

13. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Durbanville- junior skoolkoor, onder leiding van koordirigent Annemarie Dippenaar, aanprys en gelukwens nadat hulle die kampioenskap se goue medalje in die C1-kategorie vir jongkinderkore by die Wêreldkoorspele verower het wat van 4 tot 14 Julie in Tshwane gehou is.

    Goedgekeur.

14. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Lid Wenger gelukwens met die geboorte van haar seun; verder daarvan kennis neem dat dit goed gaan met moeder en kind; en dat daarna uitgesien word om Lid Wenger ná die toepaslike kraamverlof in ons geledere te verwelkom.

    Goedgekeur.

15. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die 11-jarige Jayden Molander van Lentegeur, Mitchells Plain, gelukwens nadat hy onlangs Suid-Afrikaanse kleure in karate verwerf het; en verder sy ouers, Ivan en Maxine Molander, bedank omdat hulle Jayden die geleentheid gegee het om te presteer.

    Goedgekeur.

16. Me B A Schäfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Kaapstadse Internasionale Lughawe aanprys en gelukwens nadat hulle die toekenning as die Beste Lughawe in Afrika in die kategorie vir 4 tot 20 miljoen passasiers verower het by die Routes Africa 2018-konferensie wat in Akkra, Ghana, plaasgevind het.

    Goedgekeur.

17. Mnr T A Simmers stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die dood van raadslid Malgas van Langeberg. Mag sy siel in vrede rus.

    Goedgekeur.

18. Mnr B D Kivedo stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis ses leerders van Kaapstad gelukwens met hul sukses by die 59e Internasionale Wiskundeolimpiade; daarvan kennis neem dat die Suid-Afrikaanse span wat aan die olimpiade 2018 in Roemenië van 3 tot 14 Julie deelgeneem het, Adri Wessels (Curro Durbanville); Emil van der Walt (Hoërskool Jan van Riebeeck); Emile Tredoux (Parklands College); Ralph McDougall (Curro Durbanville); Taariq Mowzer (Fairbairn College) en Timothy Schlesinger (Rondebosch Boys' High School) was; verder daarvan kennis neem dat al ses lede van die span skole in die Wes-Kaap by woon; en spesiale gelukwensing oordra aan Emile Tredoux van Parklands College wat 'n brons medalje gewen en aan Ralph, Taariq, Tim en Adri wat almal eervolle vermeldings ontvang het, met Ralph en Taariq wat 'n brons medalje met 'n enkele punt misgeloop het.

    Goedgekeur.

19. Me L T Botha stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis medelye betuig met die familie van die 16-jarige Berodine Boyce wie se lewelose liggaam op 12 Julie 2018 in 'n vlak graf agter die sportveld by Laingville, 'n klein vissersdorpie aan die Weskus, gevind is; die voortgesette en gewelddadige moord van jongmense veroordeel; en 'n beroep op die Suid-Afrikaanse Polisiediens doen om vinnig op te tree om iemand in hegtenis te neem sodat reg kan geskied.

    Goedgekeur.

20. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Kgothatso Montjane, die Suid-Afrikaanse rolstoeltennissensasie, gelukwens en aanprys nadat sy die halfeindronde van die Wimbledon-tennistoernooi bereik het.

    Goedgekeur.

21. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Kevin Anderson, die Suid-Afrikaanse tennisster, gelukwens nadat hy die eerste Suid-Afrikaner in 97 jaar geword het om die eindronde van die Wimbledon-tennistoernooi te bereik; en verder kennis neem van sy uitstaande prestasie om die legendariese Roger Federer te klop om die eindronde te behaal.

    Goedgekeur.

22. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Raven Klaasen, die Suid-Afrikaanse tennisster, gelukwens nadat hy die dubbelspeleindronde by die Wimbledon-tennistoernooi bereik het.

    Goedgekeur.

23. Me C F Beerwinkel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer kennis neem van die meer as 500%-styging in die prys van grafte in die DA-beheerde Mosselbaai, wat van minder as R900 per graf tot meer as R5 000 gestyg het; verder daarvan kennis neem dat die munisipaliteit armes straf en uitbuit het om ’n nuwe begraafplaas te bou; hierdie styging veroordeel; en ’n beroep op die munisipaliteit doen om dit te skrap.

    Goedgekeur.

24. Me B A Schäfer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis Wesgro se “Cape Town Air Access” gelukwens wat die “Best Destination Marketing”-toekenning en die “Overall Routes Africa”-toekenning gewen het by die Routes Africa 2018-konferensie wat in Akkra, Ghana, plaasgevind het.

    Goedgekeur.

25. Mnr R D Mackenzie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Franse nasionale sokkerspan gelukwens nadat hulle die Fifa-wêreldsokkerbeker in Rusland gewen het; en verder daarvan kennis neem dat Frankryk die wêreldbeker vir die tweede keer verower het deur Kroasië se droom van ’n eerste titel met ’n oorwinning van 4–2 Sondag te beëindig tydens een van die mees vermaaklike en aksiebelaaide eindwedstryde in dekades.

    Goedgekeur.

26. Mnr N E Hinana stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Maitland-misdaadvoorkomingseenheid aanprys vir die inhegtenisneming van twee verdagtes wat in besit van gesteelde Prasa-eiendom was; daarvan kennis neem dat die waarde van hierdie eiendom op R30 000 beraam word; en verder die provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke aanprys vir die ondertekening van ’n memorandum van ooreenkoms met Prasa ingevolge waarvan R16 miljoen vir die veiligheid van pendelaars toegewys is en tot talle inhegtenisnemings gelei het.

    Goedgekeur.

27. Mnr C M Dugmore stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die absolute veroordeling van die Stad se planne om parkeertariewe in die Kaapstadse middestad tot soveel as R400 per dag te vermeerder, met organisasies soos Outa wat sê die beplande toenames onbekostigbaar is in die lig van al die ander toenames wat verbruikers se sakke geskud het en die Kaapse Handelskamer wat sê mense het 'n reg op beter oplossings as onwillekeurige toenames in tariewe aangesien die Stad, wat onder die leiding van die DA is, se uitvoerende direkteure miljoene rande per jaar verdien; en hierdie beoogde toenames verwerp en 'n beroep op die Stad doen om dit te skrap.

    Goedgekeur.

28. Mnr N E Hinana stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die provinsiale Departement van Menslike Nedersettings onder die leierskap van Minister Bonginkosi Madikizela aanprys vir die oorhandiging van vier huise by Forest Village op Woensdag 18 Julie 2018; en verder daarvan kennis neem dat hierdie projek 8 000 eenhede beskikbaar sal stel.

    Goedgekeur.

29. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat 9 Julie die 31e herdenking is van die moord op Ashley Kriel deur die apartheidsveiligheidspolisie vir sy oortuigings en toewyding om te veg vir 'n nierassige, nieseksistiese, regverdige en gelyke samelewing; verder 'n beroep doen vir 'n meer uitgebreide ondersoek na die moord op Ashley Kriel, wat in 2016 heropen is; en 'n beroep doen dat die huis waarin hy vermoor is, ter ere van hom as erfenisterrein verklaar moet word.

    Goedgekeur.

30. Mnr M Mnqasela stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis 'n beroep doen vir die herstel van vrede en kalmte in gemeenskappe wat deur gewelddadige protesoptrede geteister word, wat Zwelihle insluit; en die SAPS gelukwens met die inhegtenisneming van Gcobani Ndzongana en sy medesamesweerders.

    Goedgekeur.

31. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die inhegtenisneming van John Williams, wat daarvan verdink word dat hy vroue in Wellington vermoor het, verwelkom; die polisie aanprys wat vinnig opgetree het nadat sy laaste slagoffer, Chantelle Matthyssen (21) van Sarepta, Kuilsrivier, verdwyn het en later op die Arben Rude-plaas dood gevind is; verder daarvan kennis neem dat ander slagoffers ook Maria Isaacs (24) van Malmesbury en Natalie Jonkers (38) wat ses jaar gelede verdwyn het, kan insluit; en meegevoel betuig met die familie en vriende van die oorledenes.

    Goedgekeur.

32. Me P Z Lekker stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van en die vonnis verwelkom wat die Wes-Kaapse hooggeregshof Thembile Vokozela (52), 'n prominente taverne-eienaar van Guguletu, opgelê het vir die moord op sy vrou deur haar 11 keer in die liggaam en 5 keer in die agterkop te skiet; verder daarvan kennis neem dat hy 'n lewenslange vonnis gekry het; en regter Deidre Kusevitsky vir hierdie toepaslike vonnis aanprys.

    Goedgekeur.

33. Die Huis verdaag om 18:40.

Dr G A LAWRENCE
Sekretaris van die Provinsiale Parlement